**Verwelkoming van nuwelingstudente en hul ouers by die Universiteit Stellenbosch**
**Coetzenburg, 18:00, 24 Januarie 2019**
**Deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier**

[Vertaling van toespraak gelewer in Afrikaans en Engels. Alle weergawes by www.sun.ac.za/rektor
*Translation of speech delivered in English and Afrikaans; all versions at www.sun.ac.za/rector*]

Goeienaand. Welkom by die Universiteit Stellenbosch – ’n ieder en ’n elk van julle. Ons het ’n hele paar BBP’s saam met ons in die gehoor vandag, maar die heel belangrikste gaste – die BBBP’s – is ons nuwe eerstejaarstudente. Welkom by Maties!

Julle is vandag uit alle uithoeke van die land en selfs van buite die land se grense hier bymekaar omdat julle hier wil wees. En kom ek verseker julle, julle het die regte keuse gemaak. Dit is jou droombestemming dié.

Hierdie geleentheid is as ’n “droomlansering” geposisioneer, so kom ons praat daaroor … jou drome as ’n student; jou drome as ’n jongmens wat nou die lewenspad as ’n volwassene begin stap. U drome as ouers en voogde en vriende en familie; u drome vir ons studente wat u graag wil sien sukses behaal sodat hulle kan vooruitgaan in die lewe. En kom ons praat oor ons drome as Universiteit – ’n plek waar ons ’n verbintenis tot kennis en gemeenskaplike waardes deel; ’n plek waar ons vir kennis én vir mense omgee. En ons drome as ’n land, ’n vasteland, ’n planeet … die drome van ’n nasie, die drome van die mensdom. Hier word drome gekoester, word nuwe drome gebore, en kry jy die geleentheid om jou drome te bewaarheid.

Ons is goed voorbereid op jul aankoms – nie net met die Verwelkomingsprogram oor die volgende tien dae nie, maar ook met ’n geïntegreerde onderrig- en leerproses en ’n omvattende ekosisteem van studenteondersteuning. Maar jy moet ’n aktiewe vennoot wees en beheer oor jou lewe hier op universiteit neem. Jy moet verantwoordelikheid aanvaar, verantwoordbeer wees – soos dit agter op jul T-hemde verskyn, waar die Universiteit se waardes gelys word. Die is ook van toepassing op jou gesondheid en veiligheid. Kyk na jouself en na mekaar en pas jou besittings op. Kampussekuriteit is daar om te help, maar kyk in die eerste plek na jouself.

Ons weet julle is ’n uitgesoekte groep topstudente. Julle is talentvol, en julle het hard gewerk om hier te kom. Baie geluk! Die Universiteit Stellenbosch lok elke jaar toppresteerders. Kyk om julle rond – die meeste van julle het ’n matriekgemiddeld van meer as 75% behaal. Ons peilings toon elke jaar dat die nr. 1-rede vir studente om Stellenbosch toe te kom ons akademiese reputasie is – en heel tereg so: Die beste studente doen aansoek en die bestes word aanvaar. Dit is dus geen wonder dat ons onder die top 1% van universiteite wêreldwyd is nie.

Ons doen baie moeite met studenteondersteuning, om ’n omgewing te skep waarbinne jy kan floreer. Elkeen van julle kry byvoorbeeld toegang tot ’n mentor. Dis maar een van talle ondersteuningsmeganismes – wat saam goed vrug dra. Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding is die Universiteit Stellenbosch die land se toppresteerder as dit kom by die sukses van voorgraadse student. Maar dit beteken nie alles gaan maklik wees nie – juis nie. Jy gaan hard moet werk, van Dag 1 af. En as jy sukkel, vra vir hulp. Dit is die heel belangrikste – jy moet uitreik en die wye verskeidenheid ondersteuningsdienste wat beskikbaar is, gebruik. Want dit gaan beslis nie altyd maklik wees nie.

Jy gaan uitgedaag word soos nog nooit tevore nie – nie net akademies gesproke nie, maar ook op ander terreine. Jy gaan met nuwe denkwyses en maniere van doen te make kry – ’n verskeidenheid mense en idees. En dit is hoe dit veronderstel is om te wees. Socrates het eeue gelede al gesê: “’n Lewe wat nie ondersoek word nie, is nie die moeite werd om te leef nie.” En universiteit is die heel beste plek om die lewe te ondersoek en tot nuwe insigte te kom – saam met ander.

Stellenbosch is ’n inklusiewe universiteit. Dit behoort aan ons almal. En ons wil hê almal moet hier tuis voel. Alle stemme moet duidelik gehoor word.

Ons wil hê jy moet dink, diep dink, hard werk, nie inligting soos ’n papegaai herhaal nie, maar ontleed, evalueer, nuwe kennis skep, uitnemendheid nastreef. Dis tog hoekom jy universiteit toe gekom het. Maar dit moet binne die raamwerk van respek vir andere plaasvind. Dis ook een van die universiteit se waardes agter op jou T-hemp; so ook deernis en billikheid.

Ons staan vir uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Dit is ons waardes; en dit word by Maties *uitgeleef* – elke dag, selfs wanneer jy nie van iemand of van dit wat hulle sê, hou nie. Dit is juis dan, wanneer dit moeilik raak, dat jy respek moet betoon en empatie moet hê.

Jy is nou deel van ’n nuwe gemeenskap – die Matie-gemeenskap. Binne hierdie oorkoepelende gemeenskap is jy in ’n koshuis of ’n PSO-groep, en daardeur in ’n kluster. Hierdie stelsel is doelbewus só ontwerp dat elkeen van julle deel van ’n sosiale netwerk sal wees wat jou in staat sal stel om gesamentlik te leer, om in diverse groeperings te woon en aan ’n wye reeks stemme blootgestel te word.

Een van die eienskappe wat ons van ander universiteite onderskei, is ons vlak van internasionalisering. Jy sal voordeel trek uit ons talle internasionale vennootskappe en selfs die geleentheid kry om oorsee te studeer. En omdat ons so baie internasionale studente op Stellenbosch het, sal jy ook saam met hulle studeer. Geniet die uiteenlopendheid!

Ons is ’n gemeenskap want ons kom dalk van verskillende agtergronde, maar ons is almal Maties ... en ons bou ons gemeenskap saam. In ons visieverklaring stel ons dit duidelik dat ons kennis uitbou in diens van die samelewing. Ons wil ’n positiewe verskil in mense se lewens bewerkstellig – en ons studente steun ons in hierdie verbintenis.

Jy sal by die Sosiale Impak-oggend eerskomende Donderdag (2019/01/31) die geleentheid kry om aan verskeie projekte deel te neem om ’n bydrae aan die breër gemeenskap te lewer. Want ons is deel van ons dorp, ons provinsie, ons land, ons vasteland en die res van die wêreld. Nog ’n voorbeeld van hoe Maties ’n verskil maak, is die groot sukses wat ons sover behaal met ons Move4Food-veldtog. Dit is ’n inisiatief wat deur studente gelei word om hongerte onder studente op ons kampusse te beveg. Ondersteun dit asseblief.

Daar is ook ander maniere waarop jy ’n verskil kan maak. Ten spyte van die goeie reënval die afgelope winter, is waterbeperkings steeds van krag. So spaar asseblief water. Die Universiteit is ook besig met ’n groot herwinningsveldtog. En ons probeer om soveel moontlik elektrisiteit te bespaar. Help ons asseblief hiermee.

Julle is ’n unieke groep nuwelingstudente – die eerste inname in Maties se tweede eeu as universiteit. Ons het in 1918 amptelik tot stand gekom, en deur die jare was daar al baie studente waar jy nou is – aan die begin van jou lewensreis, op pad om jou drome te verwesenlik. Nou is dit jou beurt. Ons het sowat 40 000 aansoek ontvang vir vanjaar, maar het net 5 300 plekke beskikbaar gehad. Ons het *julle* gekies. Maak die beste van hierdie geleentheid om jou drome te bewaarheid – net soos daardie studente wat voor julle die pad gestap het; mense soos:

- Ntsiki Biyela, wat as jong meisie beeste opgepas het en later Suid-Afrika se eerste swart vroulike wynmaker geword het … ’n Matie-alumna
- Elana Meyer, Olimpiese Spele silwermedaljewenner … en ’n Matie-alumna
- Gerald Maarman, ’n outjie van Eersterivier wat sy doktorsgraad in kardiovaskulêre fisiologie behaal het … ’n Matie-alumnus; en
- Japie van Zyl, ’n ruimte-ingenieur by NASA … en Matie-alumnus.

Klas van 2019, welkom by die Universiteit Stellenbosch. Dis nou jou tyd! Welkom by die wêreldwye Matie-gemeenkskap!